UITVOERENDE BESTUURSTRUKTUUR

HOE REMGRO BESTUUR WORD

Remgro Beperk se direksie lei en beheer die groep in alle sake van wesentlike of strategiese aard wat 'n uitwerking op die reputasie en prestasie van die groep kan hê. Die bestuursraad is 'n subkomitee van die direksie wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die vasstelling van beleid, die monitering en bestuur van bestaande beleggings, die identifisering en aanbeveling van nuwe beleggingsgeleenthede en die uitvoering van die direksie se besluite en strategie. Ander sake, soos opgedra deur die direksie, word op senior bestuursvlak hanteer, soos toegelaat ingevolge 'n formele delegering van gesag wat die perke bepaal van delegerings- en goedkeuringsmandate.

Die bestuursraad, saam met senior bestuur, streef daarna om 'n kultuur van etiese gedrag en goeie bestuur regdeur die Remgro groep te vestig. Op 30 Junie 2020 het die bestuursraad uit vyf lede bestaan, synde al drie uitvoerende direkteure, asook mnre Pieter Louw en Pieter Uys. Mnr Raymond Ndlovu het die pos as hoofuitvoerende beampte van Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk aanvaar en het met ingang van 28 November 2019 as 'n lid van die bestuursraad bedank.

Die skematiese voorstelling hieronder in Figuur 1 verskaf meer besonderhede oor die dag-tot-dag-verantwoordelikhede en die gedelegeerde magte van die individuele lede van die bestuursraad.

KOMITEESTRUKTUUR

FIGUUR 1